


Sowat 110 seemyle voor teenstanders

Reed verstom wêreld in Atlantiese vaart

Deur Ons Seiljagverslaggewer

DIE ervare Springbok-seiljagvaarder Bertie (Biltong) Reed op die jag Invertex Voortrekker is besig om die seiljagwêreld te verstom met sy haas ongelooflike vertoning tot dusver in die Carlsberg-Trans-Atlantiese seiljagwedvaart vir alleenvaarders.

Reed is ver voor in die afdeling vir klas II-bote en was gister besig om verder onder die ander bote in dié klas uit te seil. Gisterog-



BERTIE REED

gend was sy naaste teenstander sowat 110 seemyle agter hom.

Dié rateltaai seiljagvaarder het ses seiljagte, waarvan die meeste groter en vinniger as die byna antieke Voortrekker is, verbygesteek en het was gistermiddag algeheel 28ste.

Wat sy vertoning soverdes te meer besonders maak, is die feit dat die Voortrekker vanjaar 21 jaar oud is.

Intussen is die ander

Suid-Afrikaner wat aan die wedvaart deelneem, John Martin op die Allied Bank Voortrekker, in 'n titaniese stryd teen die ander twee voorlopers in die afdeling vir klas I-bote. Die posisies van Martin en die Fransmanne Titouan Lamazou en Jean-Aves Terlain wissel feitlik daaglik.

Nóg twee jagte het aan die wedvaart onttrek nadat hulle begin lek het. Dit bring die aantal jagte wat hulle in die eerste ses dae onttrek het, op nege te staan.